



## GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/14  
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*  
**Internet:** <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** [vocinfo@voc.org](mailto:vocinfo@voc.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [r.dcb@icloud.com](mailto:r.dcb@icloud.com). **Lidmaatskap /Membership:** mnr B. de Vries; tel. 021-851-3850. e-pos: [boudewyn@mweb.co.za](mailto:boudewyn@mweb.co.za). **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek. 9258840691: Stigting VOC Foundation.

*Welaen Vrunden!*

### **Veels geluk:**

Ons nuwe lid Marie-Lou Roux is op 27 Junie 2014 deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Akademie se Erepenning vir Lewenslange Diens op die gebied van Kultuur- en Natuurbewaring vereer. Sy is al dekades lank hiermee besig, moedig, verbete en onverpoosd, soms as lid van 'n groep, maar dikwels alleen. Ek stel voor dat ons almal opstaan en vir haar hande klap.

Ons gewese voorsitter, dr Jan Visagie, se nuwe boek '*Voortrekkerleiers en Trekroetes,*' het onlangs verskyn. Die Groot Trek is Jan se besondere studiegebied en hy is 'n gerekende meester van sy onderwerp. Sy vorige boek is met die S.A. Akademie se Stals Prys vir Geskiedenis vereer. Sukses daarmee, Jan.

\*Ons het met spyt verneem dat lid Alan Harvey oorlede is. Sy entoesiasme was vir ons waardevol, 'n inspirasie en aangenaam.

**Wysiging aan die Grondwet:** Ons lig hiermee ons lede in dat die Uitvoerende Komitee met 'n proses begin het om ons bestaande Grondwet te wysig. Dit is altyd 'n belangrike saak. Die verandering is nodig om ons finansieële betrekkinge met die Ontvanger van Inkomste te reguleer. Die nuwe konsep sal aan ons lede voorgelê en hul menings gevra word. Ons wil dit graag by ons twintigste Algemene Jaarvergadering op 20 Maart 2015 vir goedkeuring en ondertekening aanbied.

**Besoek van konsul-generaal Horbach:** In samewerking met Me J. Hogg en C. Gilfellan, uitvoerende hoofde van die Kaapse Argiefbewaarplek en Kasteel de Goede Hoop respektiewelik, het ons die Nederlandse konsul-generaal me. Bonnie Horbach genooi om dié twee bastionne van VOC-geskiedenis in Suider-Afrika te besoek. Die besoek het op 6 Augustus plaasgevind. Sy en twee personeellede is deur ondervoorsitter Helena Scheffler aan bogenoemde uitvoerende hoofde voorgestel en enkele van die kultuurskatte in hulle

bewaring gewys. Me Hogg het ook verversings aangebied. Konsul Horbach, Me Hogg en mnr Gilfellan het hulle dank vir die ontmoeting met vriendelike briewe betuig.

### ***Uitstappies en Lesings***

Vir die vierde kwartaal van 2014 jaar is die volgende lesings en uitstappie gereël. Teken asseblief datums en tye aan. Daar kom nie nog 'n nuusbrief om u te herinner nie.

\*25 Oktober: Komiteelid Piet Westra het met dr Helen Robinson gereël om ons lede oor haar nuwe boek '*Constantia and its neighbours,*' toe te spreek. Dr Robinson het in 1985 'n M.A. -graad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf met haar tesis oor gedwonge verhuisings by Greyton. Haar D.Phil (ook aan U.K.) oor persone en eiendomme in Wynberg is as boek met die titel '*Beyond the City Limits*' uitgegee. Haar tweede boek was '*Wynberg - a special place,*' gevolg deur '*The Villages of the Liesbeeck,*' wat ontwikkeling langs dié historiese rivier beskryf.

Op 10:30 op Saterdag 25 Oktober vertel sy ons van die historiese plase en interessante plaaseienaars van die natuurskoon Constantia vallei. Ons vergader by Huis der Nederlanden. Daar is volop gratis parkering en altyd lekker koffie teen 'n billike prys. Haar ander boeke sal ook te koop wees. En dit is dié dag ook weer Hollandse Mark met boerekaas, krokette, stroopwafels, bitterballen, soutdrop en ander lekkernye.

\*8 November: Op Saterdag 8 November besoek ons die Posthuis Museum in Muizenberg. Dit is 'n lae, wit rietdakhuis met groen luik en 'n hoë stoep, langs die hoofweg. Die kurator, Colin Johnstone, wat ook 'n lid van ons Stigting is, sal ons van sy werk en sy ideale vir sy museum vertel. Verder sal ek die VOC se buitepos Muysenburg (c. 1743-1795), se funksies, personeel en ook die Britse Inval van 1795 t.o.v die buitepos bespreek. Dr Hans Fransen, die bekende volksboukundige, sal die gebou se strukturele eienskappe verduidelik. Die poshuis met sy buitegeboue (A, tussen die twee skepe) én die stal vir 100 perde is te sien op meegaande foto van 'n tydgenootlike skildery, deur VOC-luitenant Johan Frederici.



**Foto: Jean Sleigh**

Die vier vlage is interessant: Op die vlagskip *Monarch* is die Britse vlootvlag. Die rooi-en-wit seinvlag op sy besaanpiek beteken: 'Die vyand het onttrek.' Die vlag op die ander skip is vir my totaal vreemd: 'n blou kruis met oranje en rooi in drie kwartiere. Aan wal staan 'n VOC-vlag, 'n teken dat die Kaapse regering die Prins van Oranje se opdrag verwerp het. Daar is nog verskeie ander interessante geboue in die omgewing en dr Franssen sal die geleentheid gebruik om ons ook oor hulle in te lig. Parkering: In Muizenberg se hoofstraat, of ry die helling af na die groot parkeerplek langs die stasiegebou (rooibaksteen). Ons vergader om 10:00 voor die Museum en ons uitstappie eindig in die Labia Kunsmuseum, amper langs die Posthuis Museum, waar ook 'n restaurant is.

\*22 November: Voorsitter Leon Hattingh het met prof. B. Neethling (Universiteit van die Wes-Kaap) gereël om ons op die dag toe te spreek. Prof. Neethling dien op Erfenis Wes-Kaap se geografiese plekname-komitee en is ook bestuurslid van die S.A. Namevereniging. Wat is die doel en funksie van bogenoemde twee organisasies, en hoe kan 'n bewaringsgroep met 'n historiese belang, soos Stigting VOC, met hulle saamwerk? Ons is juis nou in 'n naamgewingstryd met die Stadsraad betrokke. Daar bestaan honderde name in dié provinsie wat meer as drie eeue na die VOC se *wildschuttenboek* (jaglisensies) en weilisensies in die Kaapse Argief terug gevoer kan word. Hier is 'n geleentheid om alles oor plekname (histories en modern) en amptelike beleid te hoor wat u nog altyd wou weet. Bring asseblief goeie vrae en interessante voorstelle saam. Om 10:30 op Saterdag 22 November by Huis der Nederlanden. Soos altyd: Lekker koffie en volop parkering.

### ***Erfenisdag gekaap***

Die volgende brief het op 22 September in *Die Burger* verskyn: 'Die Stigting VOC sien met spyt hoe Nasionale Erfenisdag soos Paasfees en Kersfees tot 'n blote eet- en drinkfees gereduseer word.

*Die regering se instelling van Erfenisdag op 23 September jaarliks was van sy mees onselfsugtige en volksvriendelike pogings. Ongelukkig is die embryo-nasie deur 'n gebrek aan kulturele opvoeding in die steek gelaat, en was sy respons armoedig. Opportuniste kon die regering se goeie bedoelings vir eie baat kaap en die kultuurarm media het hulle blindweg ondersteun en hul saak gepropageer. Die publiek is verwar; die dag wat vir bewaringsake opsy gesit is, het Nasionale Braaidag geword.*

*Laat elke Suid-Afrikaner sy ete voorberei soos hy wil, sonder mitiese aansprake in die media. Die regering se doel was Opvoeding en Bewaring ten opsigte van kultuur en natuur. Neem die kinders na 'n museum toe, wat op die dag gewoonlik gratis is. Sluit by 'n bewaringsgroep aan en neem deel aan sy projekte. Tel vullis op in 'n park of op 'n strand. As die regering aan sy openbare vakansiedae moet snoei, sal hy weet waar om te begin. JL Hattingh (prof.) Voorsitter: Stigting VOC'*

### ***Kasteel verlig***

Kasteel de Goede Hoop is oor twee jaar 350 jaar oud. Daar word voortdurend instandhoudingswerk aan die gebou gedoen en in Oktober vanjaar begin weer 'n restaurasieprojek van miljoene rande. Wanneer dit voltooi is, word die kapél waarom ons gevra het in die 'oude kat,' waarin tot 1702 kerk gehou is, ingerig.

Op 4 September het 'n nuwe fase in die Kasteel se lang lewe begin toe kleurvolle ligte aangeskakel is om die Kasteel se mure te verlig. Die beligting is 'n geskenk van die bekende Nederlandse firma Philips. (Hul eerste transaksie in Suider-Afrika was al in 1895.) Philips het soortgelyke projekte in Kairo, Algiers, Casablanca, Nairobi, Abuja, Accera, Lagos en Johannesburg onderneem, deur historiese geboue te belig. Die nuwe beligting deur LED-ligte sal 'n besparing van 80% op die gewone metode veroorsaak. Die hoofspreeker die aand was die Minister van Toerisme, D. Hanekom. Sy onderwerp was *'Enhancing life in Africa.'* Ander sprekers was Konsul B. Horbach, mnr J.J. van Dongen (H.U.B.: Philips) en mnr C. Gilfellan (H.U.B.: Kasteel.) Ondervoorsitter Helena Scheffler het die Stigting by die geleentheid verteenwoordig.



*Foto: Kasteel*

**Verdragboom:** In 'n kampie in Treaty Straat in Woodstock staan 'n stokou melkhoutboom waaronder, volgens legende (geen betroubare bron van inligting is nog daarvoor gevind nie), die kapitulasie tussen verteenwoordigers van die plaaslike Bataafse regering en invallende Britse leer in Januarie 1806 onderteken is. Lid Rudolf Brits het laat weet dat die brons inligtingsplaat gesteel is, en ons het mnr D. Hart van Stad Kaapstad se erfenis- en bewaringskantoor daarvoor ingelig en om 'n plaasvervanger gevra.



*Foto: R. Brits*

***Samewerking met die provinsiale bewaringsowerheid.***

Komiteelid Rudolf Rode het op Saterdag 27 September ons Stigting verteenwoordig by Erfenis Wes-Kaap se jaarlikse seminar vir gesprek met vrywillige bewaringsverenigings, soos ons. 26 van die 80 geregisterrde bewaringsorganisasies was teenwoordig, twee was van die Bo-Kaap.

Voorsitter Andrew Hall, hoof uitvoerende beampte van Erfenis Wes-Kaap, het aan elke deelnemer 'n geheuestokkie met die volgende inhoud gegee:

1. Erfenis Wes-Kaap se handboek,
2. E.W.-K se jaarverslag,
3. 'n Voorgestelde wysiging van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999 (kommentaar binne 30 dae versoek)
4. 'n Benoemingsvorm vir kultuursaketoekennings, 2014-2015.

Hierdie dokumente is te vinde in Rudolf se DROPBOX-Stigting-VOC-lêer, waartoe lede kan bydra deur DROPBOX ook op hulle rekenaars te installeer. As hulle dit onnodig vind om self by te dra, kan hulle in elk geval van die volgende skakel gebruik maak:

<https://www.dropbox.com/sh/pw8ssz9nbpe4tr2/AAD1wyegRIL1OTZnW32AEnNLa?dl=0>

So kan hulle dokumente kopieer en op hulle rekenaars se hardeskyf bêre, as hulle wil.

Mnr Hall het genoem dat daar tans omtrent 2500 beskermdede terreine is en dat Erfenis Wes-Kaap jaarlike 3296 aansoeke ontvang. Hulle werklading het verlede jaar met 64 persent toegeneem, terwyl hulle personeel van 8 na 4 verminder het.

Die samewerking met plaaslike owerhede het verbeter. Een geval van uiters swak samewerking is die van Beaufort-Wes.

Daar is bykans 40 inspekteurs wat behoorlik opgelei moet word sodat Erfenis Wes-Kaap nie as instansie verantwoordelik gehou kan word, indien een van die inspekteurs onprofessioneel optree nie. Met betrekking tot SANParke en wêreld-erfenisterreine is 'n hete debat gevoer, waartydens mnr Hall herhaaldelik gewaarsku het om niemand in die harnas te jaag deur SANPARKE internasionaal in verleentheid te bring nie. Wat 'n geval soos Romneyweg 8 in Groenpunt betref, het hy dit duidelik gemaak dat die wet nie bepaal dat elke gebou wat 60 jaar en ouer is, bewaar moet word nie, maar dat dit beteken dat Erfenis Wes-Kaap die bewaring daarvan moet oorweeg.

Die befondsing van Erfenis Wes-Kaap is ontoereikend as gevolg van die ekonomiese situasie en sal volgens mnr Hall nog verder daal. Die wet waarvolgens Erfenis Wes-Kaap optree is een van die bestes wêreldwyd, maar EW-K het met groot vertragsings te kampe en in Suid-Afrika word bewaring steeds as 'n struikelblok beskou. 'n Outomatiese integrasie van bewaring en ontwikkeling vind nie plaas nie.

### **Galle**

Hierdie ou hawestad in die suidweste van Sri Lanka was in die Kompanjietyd (1640-1796) die grootste uitvoerhawe van Ceylon, soos die eiland tot 1972 genoem is. Kaneel en peper was die belangrikste uitvoerprodukte. Die Kompanjie het 'n deel van die stad op 'n skiereiland afgesonder en gefortifiseer; die bastionne het name soos Son, Maan en Ster gehad. Agter die mure was die Kompanjie se kantore, pakhuise, wonings, ekwipasiewerf, lynbaan, kerk, moskee, ens. Fort Galle se hoogste amptenaar, soos dié van Ceylon se ander groot VOC-handelsposte (Jaffna, Mannar, Trincomalee, Negombo, Matura en Baticaloa) het die rang van kommandeur gehad. Almal was ondergeskik aan die goewerneur van Ceylon, gesetel in Colombo, omtrent 120 km noord van Galle.

Die Nederlandse koloniale tydperk is deur 'n Engelse tydperk van amper twee eeue gevolg. Die Britse kultuurerfenis of nalatenskap sluit die spel krieket in. Die Sri Lankane het wêreldklas spelers geword. Wanneer hul nasionale span in Galle speel sien jy soms die toeskouers op Fort Galle se hoë mure sit. Dit gee 'n goeie uitsig oor die veld en is waarskynlik gratis.

'n Krieketoesias het gevra of ek weet hoe die naam 'Galle' uitgespreek word. Hy sê die draadloos praat van 'Ghól,' maar hy glo die uitspraak moet Ghalle wees (rym met 'balle,' soos in krieket.) Ek weet nie. Is daar 'n *orang lama* wat kan help?



C. Steiger: Gezicht op Galle, c.1710. (Rijksmuseum, Amsterdam.) Foto: *Jean Sleigh*

### **Uit die Argief:**

Nadat Kasteel de Goede Hoop op 16 September 1795 aan die Britse invallers oorgegee is, is dit 150 jaar lank in die Engelse taal bedryf en bestuur. Die Nederlandse name vir sekere dele van die gebou het vergete geraak. Anna C. Ras het verskeie verkeerde afleidings gemaak in haar M.A.-verhandeling 'Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652-1713', wat vreemd genoeg net een-derde van die Kasteel se 143 jaar onder die VOC-vlag dek. Op E. v. Stade se Kasteel-plan van 1710 is 62 genommerde onderdele met hul destydse name aangedui. Ras het die naam 'die kat' aan die kasteel se dwarsmuur gegee, in plaas van aan die administratiewe blok, en die oordekte stoep voor die raadsaal het sy die 'katbalkon' genoem, i.p.v. 'pui.' Die kruitkelder in Catzenellenbogen het sy as die tronk of 'donker gat' geïdentifiseer. (1) Hierdie verkeerde inligting is in die Kasteel se interne dokumente en gidsboeke opgeneem en dit het landswyd versprei. Een gidsboek het selfs beweer 'k-a-t' is 'n afkorting van kanon-afweer-terras.

Om die gebruik van die naam 'pui' (die oordekte stoep) te illustreer, haal ek aan uit die Kompanjie se Resolusies van die Politieke Raad, waarin die protokol vir Hoë Kommissarisse Nederburg en Frijkenius se afskeidseremonie en vertrek, en die openbare voorstelling van kommissaris Sluysken op dieselfde dag (Maandag, 2 September 1793) beskryf word:

*'2. Het geheel guarnisoen en ook de burgerye zo infanterie als cavallerie zullen 's morgens met het slaan der trom en blaazen der trompet onder hun respective vaandels en standaarden worden by een gezamelt en vervolgens teegen half neegen uuren in goede ordre na het Casteel moeten marcheeren, zig aldaar op het commando van den chef van het guarnisoen posteerende op het voorste plyn voor de puye van het gouvernement.*

*'4. ....den edele heer gezachhebber en verdere leeden des raads de puye gelieven te naderen...*

*'17. ...zullen tot de afreyze van hun Hoogedelheidens de koetzen van den heer gezachhebber en de raadsleden die zig van deselve voorzien vinden, ieder met agt paarden bespannen, beneevens eenige bekwaame rydpaarden voor de puye moeten gereede staan.'* (2)

- (1) A. C. Ras: 'Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652-1713,' pp. iii, iv. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1956.)
- (2) C 217 Resolusies van die Politieke Raad, 21.8.1793, pp. 274-290.]

### **Buitepos Vishoek geïdentifiseer**

Ons het berig gekry dat 'n professor van argitektuur van Universiteit Witwatersrand die poshuis van buitepos Vishoek (1717-1790) gevind het, van ongedresseerde klip gebou, verberg tussen Victoriaanse en Edwardiaanse aanbouings, met 'n twintigste eeuse dak.

### ***Stad Kaapstad antwoord:***

Op ons versoek aan die Speaker van die Stadsraad om 'n verduideliking waarom ons Stigting skynbaar deur die Stadsraad in ons werk van opvoeding, bewaring en kultuurtoerisme gedwarsboom word, het die Stadsraad soos volg gereageer:

'Geagte dr Sleigh,

Op versoek van die Speaker word met waardering kennis geneem van die goeie werk wat u organisasie doen. (L.W.: Ons het 'n lys van ons suksesvolle projekte oor die afgelope 18 jaar aan hom voorgelê.)

Kennis is ook geneem van die onbevredigende hantering van vorige versoeke aan die Stad Kaapstad.

Met die oog op moontlike toekomstige samewerking, kan u gerus skakel met die huidige ampsbekleërs in beheer van die betrokke portefeulje. Die Burgemeesterskomiteelid verantwoordelik vir Toerisme, Funksies en Bemaking is Rdl. Gareth Bloor en die Uitvoerende Direkteur van die departement is mnr Anton Groenewald.

([Anton.Groenewald@capetown.gov.za](mailto:Anton.Groenewald@capetown.gov.za))

Dit sal ook waardeer word indien u afskrifte van sodanige aansoeke vir kennisname aan die kantoor van die Speaker sal stuur.

Die uwe.

Johan Kilian

Kantoor van die Speaker, Stad Kaapstad

Dit is vriendelik gesê en word waardeer, maar raak nie ons probleem aan nie. Ons het daarop geantwoord:

Geagte mnr Kilian

Dankie vir u brief van 1 Oktober.

Ons waardeer die name en adresse van amptenare wat u hierin beskikbaar gestel het.

Met verwysing na ons oorspronklike brief, vertrou ons dat die Speaker 'n antwoord sal verskaf op ons vermoede van diskriminasie en blokkering, soos in ons brief uiteengesit en veral waarom ons voorgestelde wysigings aan straatname in die finale proses geweier is.

Die uwe

D. Sleigh (dr)

Sekretaris: Stigting VOC

### ***Ons lopende projekte***



*\*VOC-baken, Geelbekfontein:* Mev Liedeman (tel.: 022-772-2144; Afd: Openbare betrekkinge, SANParke, Langebaan) sê dat die projek beslis hervat sal word, met die medewerking van hul ere-veldwagte ('Vriende van SANParke.') Die plan is nog dat 'n ruim afdak die baken sal beskerm, met inligtingsborde oor die VOC en sy aktiwiteite in die streek. Verder sal 'n behoorlike rigtingwyser voor langs die grootpad geplant en 'n voetpaadjie na die baken toe aangelê word.

*\*Naamsverandering, Rockview Dam na Dorha Dam:* Dit is die projek se sewende jaar. Weens dié lang gesloer het die 'openbare deelname'-aspek van ons aansoek verjaer. Met die aanmoediging van dr I. Meyer (gewese minister van kultuursake) het Erfenis Wes-Kaap die saak namens ons opgeneem, en me. A. van der Merwe (tel.: 082-774-7908) het die moeite gedoen om die Grabouw-submunisipaliteit te vra om nogmaals hul inwoners se gevoel oor die naamsverandering te toets. Daarna dien dit in Oktober weer voor Erfenis Wes-Kaap se Raad. Hou moed, ons sal daar kom.

*\*Streekname:* Erfenis Wes-Kaap se Pleknamekomitee het bevind dat hulle nie in 'n posisie is om ons voorstel vir die bewaring van streekname te hanteer nie, en het voorgestel dat ons dit aan die provinsiale toerisme owerheid voorlê. Maklik genoeg; ek hoop hulle stel daarin belang. Hou vir ons duim vas.

*Inligtingsborde, Weskus SANPark:* Hierdie borde word deur Vriende van SANParke geborg en opgerig. (Ons skakel is Me. E. le Roux, 022-772-1021.) Ons Stigting het tekste en illustrasies voorsien aangaande die Kompanjie se twee buiteposte in die park en sy lang betrokkenheid by skeepsbediening, traanbrand, veeruil, vissery ens., in die gebied. Ook oor die Koina, Sonqua, seerowers en vele ander sake. Die twaalf volkleur, gelamineerde borde word by die Seeberg-uitkyk aan die oostekant van die strandmeer opgerig en op 24 Oktober bekendgestel. Dit is 'n projek waarmee die Vriende gelukkigwens behoort te word.

*'Van Riebeeck-heining':* Me. J. Levin (tel.: 021-483-9520) hanteer nou die saak. Nadat Erfenis Wes-Kaap die deproklamasie van die mitiese heining goedgekeur het, moet dit nou vir 'n tyd van twee maande in die openbare pers vir kommentaar geadverteer word. Ons sal help om die advertensie te bewoord.

*\*Buitepos Ganze Craal.* Uitstekende nuus! Die Departement van Menslike Nedersetting het die gewese VOC-buitepos - die hele plaas - aan Kaapse Natuurbewaring oorgedra. Daar sal dus nie HOP-huise op gebou word nie. Dit lê in die hart van die Slagtersveld, omtrent 30 km van Kaapstad af en oos van die grootpad geleë. Op Vrydag 31 Oktober is daar 'n vergadering van betrokkenes, soos Stad Kaapstad, Weskus Toerisme, SANParke, Weskus Distriksmunisipaliteit en die Weskus Erfenis-inisiatief, wat in die restourasie en toekomstige gebruik van die gewese VOC-buitepos belangstel. Sy potensiaal vir opvoedkundige benutting is eindeloos. Ons Stigting bied by die geleentheid 'n geïllustreerde praatjie aan oor die buitepos Ganze Craal (c.1710-1791) en sy noodsaaklike rol in die Kompanjie se skeepsbediening. Die pos se geskiedenis, bouplan, tydgenootlike kaarte en argieffoto's (deur o.a. Elliot en Hopkins) is aan die organiseerders voorsien.

### ***Replika RGN-wapen***

Martiens van Bart, ons erelid en wenner van ons Stigting se Medalje (in sy geval vir uitstaande Bewaringsjoernalistiek) het my laat weet van 'n interessante projek. Die doel daarvan is om aan eienaars van historiese geboue wie se RGN-kentekens van hul mure gesteel is en graag weer een wil besit, 'n getroue replika te verskaf. Die RGN-wapen was van swaar brons gemaak. Dié saag dit in stukke en verkoop dit vir skrootmetaal, soos by die Marie de Quellerie-standbeeld gebeur het.

Dié waardige kenteken op 'n sierlike, verklaarde ou gebou herinner my altyd aan 'n medalje op 'n statige oud-soldaat se bors. Martiens en 'n kunstenaar is besig om afgietsels in keramiek te giet, te kleur om soos ou brons te lyk en dit dan te bak. Die gietvorm is met behulp van 'n oorspronklike kenteken gemaak, maar in die bakproses krimp die keramiek met 'n enkele millimeters. Dit kos R250 vir die wapen en R250 vir die uitkom en opsit daarvan.

Keramiek-kentekens is vir koperdiewe waardeloos, en is uiters duursaam. Gaan kyk maar na die teëls uit Babilon se stadspoort in die Altes Museum in Berlyn. Martiens kan by 072-740-5203 of [kultuurkroniek@gmail.com](mailto:kultuurkroniek@gmail.com) geskakel word.

### ***Vakature vir 'n lede-sekretaris***

Die pos van komitee-sekretaris is nou in Rudolf Rode se bekwame hande, maar dié van lede-sekretaris is nog vakant. Dit is werk wat enigeen kan doen, maklike werk wat miskien 'n halfuur per week verg maar waarskynlik minder. 'n Vrywilliger met 'n gewillige hart en 'n rekenaar, wat aan 'n goeie saak, naamlik bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme wil meewerk, is hartlik welkom. 'n Entoesiastiese bestuur en meer as 112 entoesiastiese lede sal ondersteuning gee.

### ***A.J. Böeseken: Die Nuusbode***

Een van ons lede het my gevra om dop te hou vir dr A.J. Böeseken se bekende, interessante en amper onverkrygbare boek *Die Nuusbode*, waarin sy dié land se geskiedenis en dié van tydgenootlike Europa in die vorm van pittige koerantberigte weergee. Bladsy 1 se hooflyne lyk so: *24 Oktober 1648: Tagtigjarige Oorlog met Spanje beëindig. 24 Oktober 1648: Switserland word onafhanklik. 20 Desember 1648: Die Wondersout van Glauber. 30 Januarie 1649: Engelse koning sterf op skavot.* Ek het 'n eksemplaar gevind, in 'n goeie toestand, met sy stofomslag en teen 'n lae prys. Waarde vir geld. Skakel my asseblief.

### ***Ledegeld***

Soveel as 32 lede se ledegeld van R90,00 elk vir 2014 is nog uitstaande. Ons herinner lede daaraan dat ons Stigting van die laagste ledegeld van alle soortgelyke organisasies het (SA Krygshistoriese Vereniging s'n is byvoorbeeld R235,00 p.j.), dat ons ledegeld die afgelope paar jaar nie verhoog is nie en dat ons geen ander vaste bron van inkomste het nie. Ons kan nie ons pligte van Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme nakom sonder elke lid se bydrae nie. Terselfertyd bedank ons dié lede wat vrywillige skenkings gemaak het. As jy nie kan onthou of jy al betaal het nie, doen asseblief die moeite om ons Tesourier te bel. Sy nommer staan hierbo, en hy sal graag van jou hoor.

*Behoude vaert! Slamat jalan.*

D.SLEIGH  
REDAKTEUR  
30 September 2014



























